



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LANDBOUTEGNOLOGIE

**RIGLYNE VIR
PRAKTISE ASSESSERINGSTAKE**

GRAAD 12

2023

Hierdie riglyne bestaan uit 27 bladsye.

INHOUDSOPGawe

| | |
|---|------------|
| 1. INLEIDING | 3 |
| 2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS | 4 |
| 2.1 Praktiese Assesseringstaak (PAT) vir 2023 | 4 |
| 2.2 Hoe om die PAT te administreer | 4 |
| 2.3 Fases in die ontwikkeling van die PAT-projek | 6 |
| 2.3.1 Fase 1: Ontwerpportefeuilje | 6 |
| 2.3.2 Fase 2: Vervaardigingsproses | 7 |
| 2.3.3 Fase 3: Finale produk | 7 |
| 2.4 Kriteria en riglyne vir PAT-assessering | 7 |
| 2.4.1 Kriteria en riglyne om die ontwerpportefeuilje te assesseer | 8 |
| 2.4.2 Kriteria en riglyne om die vervaardigingsproses te assesseer | 8 |
| 2.4.3 Kriteria en riglyne om die gehalte van die finale produk te assesseer | 8 |
| 2.5 Moderering van die PAT | 8 |
| 3. RIGLYNE VIR LEERDERS | 9 |
| 3.1 Inleiding | 9 |
| 3.2 Illustrasie van die PAT | 9 |
| 3.3 Lys van gereedskap en verbruikbare materiaal | 9 |
| 3.4 Prosedures om in die proses te volg | 10 |
| 3.5 Veiligheid | 15 |
| 3.6 Alternatiewe ontwerpe | 16 |
| 4. GEVOLGTREKKING | 17 |
| 5. ASSESSERINGSRUBRIKE | 18 |
| 5.1 Assesseringsrubriek vir die ontwerpportefeuilje | BYLAE A 18 |
| 5.2 Assesseringsrubriek vir die vervaardigingsproses | BYLAE B 20 |
| 5.3 Assesseringsrubriek vir die gehalte van die finale produk | BYLAE C 21 |
| 5.4 Verklaring van Egtheid | BYLAE D 22 |
| 5.5 Eksterne/Interne modereringsinstrument vir PAT | BYLAE E 23 |
| 5.6 Nasienskedule | BYLAE F 26 |
| 5.7 Landboutegnologie-konsolidasievorm | BYLAE G 27 |

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke (KABV) wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assessoringsstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assessoringsstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessorering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assessoringsstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

2.1 Praktiese Assesseringstaak (PAT) vir 2023

Die doel van die PAT is om leerders te leer om tegnologiese probleme in die landbou-omgewing met gebruik van kritiese, innoverende en denkvaardighede op te los.

Die PAT bestaan uit 'n ontwerpkomponent, vervaardigingskomponent en 'n finale produk. Die PAT lei die leerder om die produk te ontwerp en te ontwikkel volgens tegnologiese prosesse.

Skole sal aan die begin van Kwartaal 4 van die graad 11-jaar oor die graad 12-projek ingelig word om die onderwyser en leerder geleentheid te gee om vooraf te beplan.

Hieronder volg 'n scenario en 'n volledige uitleg van die voorbeeldmodel wat as die PAT vir 2023 gebruik kan word.

SCENARIO:

'n Boer benodig 'n mobiele braai om tydens beurtkrag kos vir sy arbeiders voor te berei. Die braai moet bestendig en lig wees sodat dit maklik vervoer of verskuif kan word na waar dit benodig word.

Ontwerp 'n mobiele braai wat effektief in hierdie situasie gebruik kan word. Dit moet lig, eenvoudig, maklik om te hanteer, maar tog stewig wees. Die braai moet ook gebruik kan word om water vir koffie te kook of om ander kos voor te berei.

Gebruik verskillende tegnologiese prosesse om jou met die ontwerp en vervaardiging van hierdie stuk toerusting te help, bv. beplanning, ondersoek, navorsing en verskillende praktiese vaardighede.

2.2 Hoe om die PAT te administreer

Die onderwyser moet hierdie PAT-dokument gebruik as 'n riglyn om die PAT te doen. Die leerder, onder leiding van die onderwyser, moet die hele PAT self ontwerp en beplan. Die onderwyser sal slegs die probleemstelling aan die leerders verskaf. Die ideaal is dat die leerders almal verskillende PAT-ontwerpe moet hê. Die onderwyser moet die praktiese toepaslikheid van die leerder se ontwerp evalueer en voorstelle maak voordat die leerder die finale ontwerpportefeuilje indien.

Indien die skool/leerders besluit om 'n alternatiewe PAT te doen, moet daardie PAT voldoen aan die voorgeskrewe standarde wat in hierdie PAT-riglyndokument uiteengesit is. Dit sal bewyse van die ontwerpportefeuilje, werksprosedure, rubriek en bewyse van die finale produk insluit. Die kriteria en formaat om die ontwerpportefeuilje, vervaardigingsproses en finale produk te assesseer, moet dieselfde as dié van die voorgeskrewe PAT wees.

Die projek moet uit ten minste SEWE van die gegewe kriteria, soos op bladsy 46–47 in die *Landboutegnologie: Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* aangedui, bestaan.

Die model moet funksionele waarde hê en moet in werklike plaas- en werkswinkelsituasies bruikbaar wees. Die leerders moet met die assesseringskriteria vertroud wees voordat hulle met die taak begin. Die PAT moet onder toesig van die aangewese onderwyser gedoen word.

Die praktiese assesseringstaak in graad 12 word ekstern opgestel, intern geassesseer en ekstern gemodereer. Die PAT word onder gekontroleerde toestande voltooi en met behulp van 'n rubriek geassesseer.

Die promosiepunt van Landboutegnologie bestaan uit 'n PAT-komponent van 100 punte (25%), 'n skoolgebaseerde-assesserings(SGA)-komponent van 100 punte (25%) en 'n eindeksamenkomponent van 200 punte (50%).

Die PAT dra 25% tot die totale promosiepunt (400) in graad 12 by. Die PAT is 100 punte en bestaan uit 'n ontwerpportefeuilje (25 punte), 'n vervaardigingsproses (50 punte) en die finale produk (25 punte).

Voordat 'n leerder met die vervaardigingsproses kan begin, moet die ontwerpportefeuilje voltooi en deur die onderwyser geassesseer word. Die rede hiervoor is dat die onderwyser ontwerpfoute vir die leerder moet identifiseer, wat hy/sy moet korrigeer.

Die ontwerpportefeuilje en finale produk moet vir monitering en moderering beskikbaar wees. Die PAT moet deur die onderwyser geëvalueer, nagegaan en gewaarmerk word voordat dit as die leerder se finale bewys van prestasie voorgelê word.

Die onderwyser se PAT-lêer moet bewyse bevat van:

- (a) Die PAT-opdrag
- (b) 'n Volledige assessoringsrekord wat te alle tye vir moniterings- en modereringsdoeleindes beskikbaar moet wees

Eksterne moderering sal deur die onderskeie provinsiale moderators en die nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBE) gedoen word. Geen leerder word toegelaat om sy/haar projek huis toe te neem voordat finale moderering afgehandel is nie.

Indien 'n onderwyser sou versuim om 'n rekord van die PAT-assessering te hou, is dit wangedrag en dit sal volgens paragraaf 5(3) van die beleidsdokument, *Nasionale Beleid oor die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Vlak 4-kwalifikasie op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, of ander gepaste maatreëls, hanteer word.

Die afwesigheid van punte vir die PAT in graad 10–12, sonder 'n geldige rede, sal daartoe lei dat die kandidaat wat vir die spesifieke vak geregistreer is, onvolledige uitslae sal kry. Die kandidaat sal drie weke voor die begin van die finale jaareindeksam gegee word om die uitstaande PAT voor te lê. Indien die kandidaat sou versuim om die PAT voor te lê, sal hy/sy ingelig word dat hy/sy nie aan die minimum vereistes vir promosie voldoen het nie en dat hy/sy die vak die volgende jaar moet herhaal.

2.3 Fases in die ontwikkeling van die PAT-projek

Die projek moet in die volgende drie fases voltooi word:

2.3.1 Fase 1: Ontwerpportefeuilje

Leerders moet die probleem of behoefté in hulle gekose projek identifiseer. Hulle moet die projek ook ondersoek, idees skep en moontlike ontwerpopplossings vind om die model te maak, te evalueer en 'n oplossing vir die probleem of behoefté oor te dra. Die bewyse vir hierdie fase word in die ontwerpportefeuilje geplaas wat **in die eerste week van Kwartaal 1 begin en voortduur tot die derde week van Kwartaal 1**. In hierdie fase moet die leerder aangemoedig word om kreatief te wees en inisiatief te toon.

'n Verklaring van Egtheid (**BYLAE D**) moet voor finale moderering deur elke leerder voltooi word.

Die ontwerpportefeuilje moet bewyse bevat van hoe die ontwikkeling van die produk ~~be~~ benader is, soos hieronder aangetoon.

- Analisering/Ontleding en beplanning van die opdrag
- Verband tussen tegnologie, die samelewing en omgewing
- Sketse, diagramme of berekenings
- Materiaal gebruik
- Gereedskap gebruik
- Algemene veiligheidsmaatreëls van toepassing
- Vergelyking van prosesse en gereedskap wat gebruik moet word
- Kosteberekening en materiaallys
- Kennis en vaardighede vereis in die vervaardigingsproses
- Vervaardigingsprosesse wat gevolg is
- Tydsbeplanning van die begin tot by die finale produk
- Navorsing of ondersoke onderneem
- Enige ander inligting met betrekking tot die projek

Formaat van die ontwerpportefeuilje:

Voorblad: Naam van leerder
Graad
Skool
Eksamennommer
Jaar

Inhoud: Opdrag
Beplanning en navorsing
Ontwerpsketse
Materiaallys
Gereedskap benodig en relevante veiligheidsmaatreëls
Vergelykings van prosesse en gereedskap wat gebruik gaan word
Kosteberekening
Bonnelys
Stappe wat gevolg moet word
Enige bykomende inligting

2.3.2 Fase 2: Vervaardigingsproses

Leerders begin met die konstruksie van die werklike model aan **die einde van die derde week van Kwartaal 1 begin**, of sodra die leerder die ontwerpportefeuilje voltooi het en dit deur die onderwyser goedgekeur is. Die leerder begin dan met Fase 2. Die model moet **voor die voorbereidende eksamen in Kwartaal 3 begin**, voltooi wees.

Daar word van die leerder verwag om die model in die skool se werkswinkel te vervaardig, onder streng toesig van die onderwyser. Prosesse wat nie deur die leerder uitgevoer is nie, kan nie as deel van die leerder se werk geassesseer word nie.

Die model moet 'n aantal praktiese vaardighede insluit, maar neem in ag dat die model aan die minimum aantal vaardighede moet voldoen, soos deur die vak se *KABV*-dokument voorgeskryf.

Die onderwyser moet deurlopende assessering tydens die vervaardigingsproses doen om sekere vaardighede en prosesse met behulp van die gegewe rubriek te evalueer en te assesseer.

2.3.3 Fase 3: Finale produk

Leerders moet die modelle vir assessering **teen die einde van Kwartaal 3** indien. Die beplanning gedoen in Fase 1 (ontwerpportefeuilje) moet ook vir assessering van die finale produk ingedien word. Die model moet voltooi wees, ten volle funksioneel wees en die spesifikasies moet met die ontwerpportefeuilje ooreenstem.

2.4 Kriteria en riglyne vir PAT-assessering

Die PAT bestaan uit DRIE fases. Elke fase moet deur die onderwyser, met behulp van die aangehegte rubrike, geassesseer word.

- Die ontwerpportefeuilje moet nie later as die einde van Kwartaal 1 voltooi en nagesien wees nie. Sodra 'n leerder klaar is met die ontwerpportefeuilje en dit deur die onderwyser geassesseer en goedgekeur is, kan hy/sy met Fase 2 voortgaan. Die onderwyser moet die rubriek **(BYLAE A)** gebruik om die ontwerpportefeuilje te assesseer.
- Die vervaardigingsproses is 'n deurlopende proses en die verskillende vaardighede moet voortdurend deur die onderwyser geassesseer word wanneer die verskillende vaardighede toegepas word. Die rubriek **(BYLAE B)** moet gebruik word.
- Die finale produk moet volgens die rubriek **(BYLAE C)** geëvalueer en geassesseer word.
- **BYLAE D** is 'n Verklaring van Egtheid en moet deur elke leerder voltooi word.
- **BYLAE E** moet deur die onderwyser gebruik word om te verseker dat die Landboutegnologie-werkswinkel en -geriewe vir eksterne moderering op standaard is.
- **BYLAES F en G** is voorbeelde van nasienskedes wat gebruik kan word.

2.4.1 Kriteria en riglyne om die ontwerpportefeuilje te assesseer (25 punte)

- Ontleding van probleem
- Verwantskap tussen tegnologie, die samelewing en die omgewing
- Vermoë om idees te ontwikkel
- Gee 'n oplossing
- Sketswerk (maatskrywing, sweis-, skaal- en projeksiesimbole)
- Materiaal, gereedskap en toerusting
- Algemene veiligheidsmaatreëls
- Kosteberekening en materiaallys
- Bewyse van vergelykings tussen verskillende prosesse en vaardighede
- Portefeuilje-aanbieding

2.4.2 Kriteria en riglyne om die vervaardigingsproses te assesseer (sigmoderering) (50 punte)

- Veilige hantering en instandhouding van gereedskap en toerusting
- Vaardighede wat verband hou met die behoorlike gebruik en instandhouding van gereedskap en toerusting
- Kennis van materiaal om probleme op te los
- Toepassing van verskillende tegnieke en prosesse
- Vaardighede getoon in die toepassing van prosesse

2.4.3 Kriteria en riglyne om die gehalte van die finale produk te assesseer (25 punte):

- Die produk voldoen aan die doel waarvoor dit ontwerp is en toon innovering wat op die probleem van toepassing is
- Afmetings en mates van die finale produk
- Voorkoms: Afwerking sluit vyl, slyp, skuur en verf in
- Verseker dat die produk behoorlik funksioneer
- Tydsbestuur: Gaan die volledigheid van die produk na

2.5 Moderering van die PAT

- Interne moderering (departementshoof)
Die onderwyser en leerder se PAT-portefeuiljes moet deur die departementshoof of senior onderwyser van die vak by die skool gemodereer word.
- Eksterne moderering (vakspesialis)
Die vakspesialis moet EEN KEER PER KWARTAAL eksterne moderering doen. Die vakspesialis moet aan die einde van Kwartaal 1 die ontwerpportefeuilje modereer. Die werklike vervaardigingsproses deur die leerder moet in Kwartaal 2 deur die vakspesialis gemodereer word. Die finale produk asook die finale PAT-punt moet in Kwartaal 3 gemodereer word.
- Eksterne moderering (nasionale paneel)
'n Paneel moderators wat deur die DBE aangestel is, sal die PAT en praktiese werkswinkel modereer. BYLAE E is die modereringsinstrument wat deur die nasionale paneel vir moderering by skole gebruik sal word.

3. RIGLYNE VIR LEERDERS

3.1 Inleiding

Die model wat die leerders moet maak, moet die prosesse insluit wat deur die jare vanaf graad 10 in die teoretiese werk geleer is. Hierdie prosesse is deel van verskillende take wat op 'n plaas verrig kan word. Die leerders gebruik hulle vaardighede en kennis wat in Landboutegnologie verkry is om hierdie projek te voltooi.

3.2 Illustrasie van die PAT

Die foto hieronder toon 'n mobiele braai wat boere op hulle plase kan gebruik om kos vir hulle arbeiders te berei. Die projek kan as 'n braai of oopvlamstoof gebruik word, soos hieronder getoon.



3.3 Lys van verbruikbare materiaal, masjiene en gereedskap wat nodig is om die projek te vervaardig

| GEREEDSKAP BENODIG | | |
|--------------------------------------|------------------------|------------------------------|
| Metaalsnymasjien | Verstekhaak/Winkelhaak | Plat en ronde vyl |
| Boormasjien | Ystersaag | Persoonlike beskermingsklere |
| Oksiasetileen-verwarmings-toerusting | Kraspen | Besem |
| Sweismasjien | Maatband | Klampe |
| Werkstafel | Senterpons | Verfkwas |
| | Moersleutels | Hamer |
| | Tang | Hoeksnymasjien |

| VERBRUIKBARE MATERIAAL | | |
|---|--|----------------------|
| Staalboorpunt Ø 12 mm | | Ystersaaglemme |
| Slyp-/Snyskywe ('Grinding/Cutting discs') | | Terpentyn Potlood |
| Spuitverf | | Handskoonmaakmiddel |
| MIG-draad en -gas/Boogsweisstafies | | Onderlaagverf |

3.4 Procedures om in die proses te volg

| VOORGESTELDE WERK-/TYDSKEDULE | Datum voorspel |
|---|----------------|
| Ongeveer 2 uur per week word vir die PAT benodig, soos in die <i>KABV</i> -dokument voorgeskryf. Ongeveer 18 weke (36 uur) is vir die vervaardigingsproses beskikbaar. | |
| A. ONTWERPPORTEFEULJE (25 punte) | |
| 1. PAT-probleemstelling/taak moet aan die leerders uitgedeel word. Die onderwyser moet die probleemstelling/taak aan die leerders verduidelik. Leerders het DRIE weke om die ontwerpportefeuilje te voltooi. | Week 1 |
| 2. Die onderwyser moet aktief betrokke wees en ondersteuning aan die leerders tydens die ontwerpproses bied. | Week 2 |
| 3. Die onderwyser moet die voltooide portefeuiljes inneem, evalueer, assesseer en terugvoering aan die leerders gee voordat die leerders met die vervaardigingsproses kan begin. | Week 3 |
| 4. Die leerders moet die verbeteringe aan die ontwerpportefeuiljes aanbring, waar nodig. | |
| 5. Die onderwyser moet die punte van die ontwerpportefeuiljes op die SBA-puntestaat aanteken. | |
| LET WEL: Die leerders moet 'n skaaltekening met byskrifte van die mobiele braai maak. | |

B. VERVAARDIGINGSPROSES (50 punte)

(Die onderwyser moet die volledige vervaardigingsproses monitor en evaluateer).

Snylys vir braai


LET WEL: Dit is die finale afmetings wat vir die snyafval en die dikte van die snylem toegelaat word.

| Nr | Komponent | Tipe materiaal | Grootte | Hoeveelheid | Totaal |
|----|-----------------------|--------------------------------------|------------------------------|-------------|----------------------------|
| 1 | Pote | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 800 mm x \varnothing 12 mm | 2 | 1,600 m |
| 2 | | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 706 mm x \varnothing 12 mm | 2 | 1,412 m |
| 3 | Raam | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 280 mm x \varnothing 12 mm | 3 | 0,840 m |
| 4 | | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 606 mm x \varnothing 12 mm | 2 | 1,212 m |
| 5 | | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 100 mm x \varnothing 12 mm | 2 | 0,200 m |
| 6 | As | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 425 mm x \varnothing 12 mm | 1 | 0,425 m |
| | | | | | 5,689 m |
| 7 | Braai-raamwerk | Plat staal 2 mm | 595 mm x 600 mm | 1 | 0,357 m ² |
| 8 | Pote | Plat staal 2 mm | \varnothing 50 mm x 2 mm | 2 | 0,010 m ² |
| | | | | | 0,367 m² |
| 9 | Braairooster-glystawe | Hoekyster 25 mm x 25 mm x 3 mm | 395 mm x 25 mm x 3 mm | 6 | 2,370 m |
| 10 | Kante | Plat staal 3 mm | 400 mm x 300 mm | 2 | 0,240 m² |
| 11 | Wiele | Staalpyp \varnothing 176 mm x 3 mm | \varnothing 176 mm | 2 | 0,100 m |
| 12 | | Platstaaf 50 mm x 5 mm | 165 mm x 50 mm x 5 mm | 2 | 0,330 m |
| 13 | Wasters | 30 x 2 mm (\varnothing 13 mm-gat) | 30 mm x 2 mm | 4 | |
| 14 | Rooster/Raam | Vierkantige staaf 10 x 10 mm | 375 mm x 10 mm x 10 mm | 3 | 1,125 m |
| 15 | Rooster/Raam | Vierkantige staaf 10 x 10 mm | 585 mm x 10 mm x 10 mm | 2 | 1,170 m |
| | | | | | 2,295 m |
| 16 | Rooster | Enige rooster 2 mm dik | 585 mm x 395 mm | 1 | 0,230 m |

**Stap 1: Bou die struktuur van die braai.
Monteer (Stel saam) en sveis voorkant van die raam.**

Week 5–7

- Sny item 7. Meet volgens afmetings op skets.
- Buig volgens die grade wat aangedui word.
- Pas roosterskyfies nr. 9 aan die kante van nr. 10 van die struktuur (liggaam) 40 mm, 80 mm en 120 mm van bo af.
- Stel saam soos in prente hieronder. Puntswweis hoeke. Onthou die glybane vir die rooster moet gesweis word voordat die struktuur saamgestel word.



Stap 2: Sny die pote, raam en as.

Week 8–9


- Sny items 1 tot 6.
- Stel saam/Monter en sveis die voorste en agterste rame.
- Stel saam/Monter volgens afmetings en prente.

LET WEL: Maak seker alles is haaks. Kruismetings is belangrik.

VOORSTE RAAM



AGTERSTE RAAM




Stap 3: Sit die voorste en agterste rame aan die liggaam (struktuur) vas.

- Sweis die voor- en agterpote aan die raam vas.
- Sweis die onderste raam tussen die voor- en agterkant vas.

Week
10–11**Stap 4: Bou die wiele en sit aan die braai vas.**

- Sweis twee 50 x 5 mm-platstawe aan beide kante van die 176 x 50 mm-pyp vas en boor met 'n 13 mm-boorpunt om die as vas te sit.
- Sit 'n waster aan beide kante van die wiele vas. Boor en sit 'n splitpen vas.

Week
12–13

Stap 5: Bou die roosterraam en monteer die rooster.

- Sny items 14 en 15 en sveis aan die raam vas.

LET WEL: Vierkantige staaf is beter as ronde staaf omdat dit sal nie so baie buig wanneer dit verhit word nie.

- Maak seker dit pas en gly maklik in die braaglybane.
- Sny item 16 en sit aan die raam vas.

Stap 6: Maak die finale produk skoon en verf dit.

Week 15


C. FINALE PRODUK (25 punte)

- Die onderwyser moet die finale produk evalueer en die PAT-punte vir die jaar finaliseer.
- Die punte moet in die SGA-puntestaat aangeteken word.

3.5 Veiligheid

- 'n Veilige werkwyse op die werktafel op 'n verantwoordelike manier sal die moontlikheid van ongelukke of beserings verklein.
- Dra altyd gepaste veiligheidstoerusting en -klere vir sveiswerk en metaalwerk. Klere moet van vuurbestande katoen of wol gemaak wees, en nooit van sintetiese materiaal wat kan smelt nie.
- Dra altyd 'n helm wanneer jy sveis en 'n volgesigskerm wanneer jy 'n slypmasjiën gebruik.
- Dra ook leersweishandskoene om jou teen brandwonde te beskerm.
- Jy moet altyd in 'n goed geventileerde area werk.

3.6 Alternatiewe ontwerp



AANBEVELINGS:

- Maak pote aan die handvatselkant 10–20 mm hoër en boor 10 mm-gate aan die wielkant vir waterdreinering.
- Elke leerder moet 'n eie ontwerp of verbetering op die braai insluit.

| Nr | Komponent | Tipe materiaal | Grootte | Hoeveelheid | Totale Prys |
|----|-----------------------|--------------------------------------|------------------------------|-------------|----------------|
| 1 | Pote | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 800 mm x \varnothing 12 mm | 2 | R33,00 |
| 2 | | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 706 mm x \varnothing 12 mm | 2 | R30,00 |
| 3 | Raam | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 280 mm x \varnothing 12 mm | 3 | R18,00 |
| 4 | | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 606 mm x \varnothing 12 mm | 2 | R27,00 |
| 5 | | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 100 mm x \varnothing 12 mm | 2 | R4,00 |
| 6 | As | Ronde staaf/ \varnothing 12 mm | 425 mm x \varnothing 12 mm | 1 | R10,00 |
| 7 | Braai-raamwerk | Plat staal 2 mm | 595 mm x 600 mm | 1 | R710,00 |
| 8 | Pote | Plat staal 2 mm | \varnothing 50 mm x 2 mm | 2 | R3,00 |
| 9 | Braairooster-glystawe | Hoekyster 25 mm x 25 mm x 3 mm | 395 mm x 25 mm x 3 mm | 6 | R60,00 |
| 10 | Kante | Plat staal 3 mm | 400 mm x 300 mm | 2 | R80,00 |
| 11 | Wiele | Staalpyp \varnothing 176 mm x 3 mm | \varnothing 76 mm | 2 | R25,00 |
| 12 | Wiel-middelpunt | Platstaaf 50 mm x 5 mm | 165 mm x 50 mm x 5 mm | 2 | R10,00 |
| 13 | Wasters | 30 x 2 mm (\varnothing 13 mm-gat) | 30 mm x 2 mm | 4 | R12,00 |
| 14 | Rooster/Raam | Vierkantige staaf 10 x 10 mm | 375 mm x 10 mm x 10 mm | 3 | R22,00 |
| 15 | rooster/Raam | Vierkantige staaf 10 x 10 mm | 585 mm x 10 mm x 10 mm | 2 | R22,00 |
| 16 | Rooster | Enige rooster 2 mm dik | 585 mm x 395 mm | 1 | R130,00 |
| | | | TOTALE KOSTE | | R656,00 |

4. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assessoringsstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

5. ASSESSERINGSRUBRIEK

BYLAE A

Naam van leerder: _____ Skool: _____ Graad: _____ Datum: _____

| ONTWERP-PORTEFEULJE | VERVAARDIGINGS-PROSES | GEHALTE VAN PRODUK | TOTAAL | HANDTEKENING VAN ONDERWYSER | HANDTEKENING VAN EKSTERNE MODERATOR |
|---------------------|-----------------------|--------------------|--------|-----------------------------|-------------------------------------|
| /25 | /50 | /25 | /100 | | |

5.1 ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE ONTWERPPORTEFEULJE

| KRITERIA | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | MOONLIKE PUNT | PUNT BEHAAL |
|---|---|--|--|--|---|---|---------------|-------------|
| Beplanningsvaardighede: Analise/ Ontleding en diagnose | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Toon 'n beperkte poging om inligting te identifiseer en in te samel om die gegewe probleem/ behoefté mee te ontleed. | Toon 'n poging om relevante inligting te identifiseer en in te samel, om die gegewe probleem/ behoefté mee te ontleed. | Identifiseer die gegewe probleem korrek en samel relevante inligting in om die gegewe probleem/ behoefté mee te ontleed. | Ontleed die gegewe probleem korrek en toon bewyse van die gebruik van 'n wye reeks inligting om die probleem/ behoefté te verstaan. | Identifiseer die gegewe probleem/behoefté korrek en gebruik 'n verskeidenheid ondersoekstrategieë om relevante inligting te bekom wat gehelp het met die ontwikkeling en ontwerp van innoverende idees. | 5 | |
| Onderlinge verband tussen tegnologie, die samelewning en omgewing | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Wend geen poging aan om die onderlinge verband te oorweeg nie. | Bewustheid van die onderlinge verband is getoon. | Bewustheid en kennis van die onderlinge verband is getoon. | Toepassing en kennis van aspekte van die onderlinge verband. | Toepassing en kennis van aspekte van die onderlinge verband en die implementering van voorkomingsmaatreëls. | 5 | |
| Ontwikkel idees | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Noem 'n paar idees. | Toon geringe bewustheid van alternatiewe idees | Bied 'n paar alternatiewe idees met beperkte beredenering van keuses aan. | Gebruik oorspronklike en kreatiewe idees en kies die geskikste opsie. | Ontwikkel 'n uitstekende verskeidenheid alternatiewe en innoverende idees. Die voorkeursidee is goed gemotiveer met duidelike skakels met die ontwerp. | 5 | |
| Oplossing | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Pogings om met beperkte ontwerpsketse en 'n paar spesifikasies vorendag te kom. Beperkinge t.o.v. die gegewe probleem. | Pogings om met ontwerpsketse, spesifikasies en beperkinge t.o.v. die gegewe probleem vorendag te kom. | Verskaf ontwerpsketse en 'n verskeidenheid spesifikasies en beperkinge rakende die gegewe probleem. | Verskaf uitstekende ontwerpsketse en 'n lys relevante spesifikasies en beperkinge t.o.v. die gegewe probleem. | Verskaf uitstekende innoverende ontwerpsketse wat uiters goed geformuleer is en definieer die behoefté volgens die gegewe probleem. | 5 | |

| KRITERIA | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | MOONTLIKE PUNT | PUNT BEHAAL |
|---|---|---|--|--|--|--|------------------|-------------|
| Sketswerk | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Verskaf irrelevante sketse wat beperkte tekenvaardighede demonstreer. | Verskaf 'n paar relevante sketse met verkeerde lyne en/of verkeerde simbole. | Verskaf relevante sketse met korrekte lyne en simbole. | Verskaf sketse met korrekte lyne en simbole wat met die gegewe probleem verband hou. | Verskaf uitstekende sketse volgens die gegewe probleem; oorweeg moontlike oplossings. | 5 | |
| Materiaal-, gereedskap- en toerusting-lys | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Poog om party van die materiaal, gereedskap en toerusting te noem. | Verskaf 'n verkeerde of onvoldoende lys van materiaal, gereedskap en toerusting. | Verskaf 'n lys van relevante materiaal, gereedskap en toerusting. | Verskaf 'n lys met 'n verskeidenheid relevante materiaal, gereedskap en toerusting benodig. | Verskaf 'n lys van die mees relevante materiaal, gereedskap en toerusting benodig in 'n kreatiewe formaat. | 5 | |
| Algemene veiligheid | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Poog om veiligheidsregulasies in ag te neem. | Toon 'n mate van bewustheid van veiligheidsregulasies. | Toon bewustheid, kennis en toepassing van veiligheidsregulasies. | Toon bewustheid, kennis en toepassing van veiligheidsregulasies rakende alle toestande en neem voorkomingsmaatreëls in ag. | Toon bewustheid, kennis en toepassing van veiligheidsregulasies rakende alle toestande en neem voorkomingsmaatreëls in ag. | 5 | |
| Kosteberekeninge en materiaallys | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Verskaf 'n materiaallys met geen berekening nie. | Poog om kosteberekening te doen deur verkeerde eenhede, data en materiaallys te gebruik. | Verskaf kosteberekeninge met gebruik van korrekte eenhede en data ingesamel, sonder om beperkinge in ag te neem. | Verskaf kosteberekeninge met gebruik van korrekte eenhede en data ingesamel en neem beperkinge in ag. | Verskaf kosteberekeninge met gebruik van korrekte eenhede en data ingesamel en neem relevante beperkinge in ag. | 5 | |
| Vergelykings | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Geen vergelykings nie. | Swak vergelyking van een proses. | Vergelyking van verskillende prosesse, vaardighede en materiaal. | 'n Deeglike vergelyking van verskillende prosesse, vaardighede en materiaal. | 'n Deeglike vergelyking van verskillende prosesse, vaardighede en materiaal en kom tot 'n gevolgtrekking | 5 | |
| Portefeuje-aanbieding | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Die portefeuje is onvolledig en swak georden en voorberei. | Die portefeuje is voltooi, maar swak georden en voorberei. | Die portefeuje is voltooi en voldoende georden en voorberei. | Die portefeuje is voltooi en goed aangebied. | Die voltooide portefeuje-aanbieding toon 'n hoë vlak van innovering en kreatiwiteit. | 5 | |
| TOTALE PUNT | | | | | | | 50÷2 = 25 | |

| 5.2 ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE VERVAARDIGINGSPROSES | | | | | | | BYLAE B | |
|--|---|--|--|---|---|---|---------------|-------------|
| KRITERIA | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | MOONLIKE PUNT | PUNT BEHAAL |
| Veilige hantering van gereedskap/toerusting (sig-moderering) | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Toon bewustheid van veiligheidsmaatreëls. | Toon bewustheid en kennis van 'n paar veiligheidsmaatreëls. | Toon genoeg kennis en bewustheid van toepaslike veiligheidsmaatreëls. | Toon voldoende kennis en bewustheid van alle toepaslike veiligheidsmaatreëls. | Toon voldoende kennis en bewustheid van alle toepaslike veiligheidsmaatreëls en pas voorkomingsmaatreëls toe. | 5 | |
| Vaardighede met betrekking tot die hantering van gereedskap en toerusting (sig-moderering) | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Toon beperkte kennis en vaardighede van toerusting wat verband hou met die gereedskap gebruik. | Toon 'n bietjie kennis en vaardighede wat verband hou met die gereedskap en toerusting gebruik en huishouding. | Toon genoeg kennis en vaardighede wat verband hou met gereedskap en toerusting gebruik en bewyse van huishouding. | Toon voldoende kennis en vaardighede wat verband hou met gereedskap en toerusting gebruik en goeie huishouding. | Toon voldoende kennis en vaardighede wat verband hou met gereedskap en toerusting gebruik en uitstekende huishouding. | 5 | |
| Kennis van materiaal | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Toon beperkte agtergrondkennis van materiaal gebruik. | Toon 'n bietjie kennis van materiaal en die eienskappe daarvan. | Toon genoeg kennis van materiaal en die eienskappe en konsepte daarvan. | Toon voldoende kennis van materiaal en die eienskappe, konsepte en beginsels daarvan. | Toon voldoende kennis van materiaal en die eienskappe, konsepte en beginsels daarvan om probleme op te los. | 5 | |
| Proses-tegnieke | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Toon 'n bietjie kennis van onvanpaste tegnieke gebruik. | Toon beperkte kennis van tegnieke gebruik. | Toon genoeg kennis van korrek geselekteerde tegnieke. | Toon voldoende kennis oor hoe om relevante tegnieke korrek te selekteer en toe te pas. | Toon voldoende kennis van korrek geselekteerde en toegepaste tegnieke, en neem moontlike beperkinge in ag. | 5 | |
| Vaardighede gebruik in prosesse (sig-moderering) | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Toon beperkte kennis van vaardighede benodig. | Toon 'n bietjie kennis van vaardighede benodig. | Toon genoeg kennis van vaardighede benodig. | Toon voldoende kennis van vaardighede benodig en neem 'n paar beperkinge in ag. | Toon voldoende kennis van vaardighede benodig en neem relevante beperkinge in ag. | 5 | |
| TOTALE PUNT | | | | | | | 25x2 = 50 | |

| 5.3 ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE GEHALTE VAN DIE FINALE PRODUK | | | | | | | BYLAE C | |
|---|--|---|---|---|---|---|---------------|-------------|
| KRITERIA | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | MOONLIKE PUNT | PUNT BEHAAL |
| Ondersoek/ Bekyk die probleem/ behoefte | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Die produk is onvolledig. Die voltooide produk het 'n tekort aan detail en maak interpretasie moeilik. | Die produk is klaar, maar ondersoek/ bekyk glad nie die probleem of behoefte nie. | Die produk is klaar en ondersoek/bekyk die probleem of behoefte gedeeltelik. | Die produk voldoen aan die doel waarvoor dit ontwerp is en toon geen werklike bewyse van innovering in die oplossing van die geïdentifiseerde probleem of behoefte nie. | Die produk voldoen aan die doel waarvoor dit ontwerp is en toon innovering wat pas by die probleem of behoefte geïdentifiseer. | 5 | |
| Afmetings en mates van die finale produk | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Afmetings verskil heeltemal van oorspronklike ontwerp. Toon geen moeite om korrekte afmetings te maak nie. | Afmetings verskil van oorspronklike ontwerp, maar doen 'n bietjie moeite om korrekte afmetings te maak. | Party afmetings verskil van die oorspronklike tekenontwerp. Meer akkuraatheid en moeite om korrekte afmetings te maak. | Afmetings verskil effens van oorspronklike ontwerp. Toon baie meer akkuraatheid en moeite om korrekte afmetings te maak. | Maatskrywing en afmetings kom heeltemal met oorspronklike ontwerp ooreen. | 5 | |
| Voorkoms: Afwerking, vyl, skuur, slyp en verf | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Geen afwerking nie. Geen vylwerk, verf of skuurwerk nie. Toon min moeite om die voorkoms aanvaarbaar te maak. | Produk se voorkoms is nie aanvaarbaar nie aangesien sommige van die afwerkingsmetodes nie gevolg is nie. | Produk se voorkoms aanvaarbaar as gevolg van party van die afwerkingsmetodes wat gebruik is. | Produk se voorkoms meer aanvaarbaar aangesien afwerking gedoen is, maar geen verfwerk is gedoen nie. | Produk se voorkoms is baie aanvaarbaar en toon 'n hoë vlak van innovering en kreatiwiteit. | 5 | |
| Funksionaliteit van die finale produk Werk die produk behoorlik? | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Die produk is onvolledig en werk glad nie. | Die produk is voltooi, maar dit werk glad nie en toon geen nuwe verbeterings nie en min innovering. | Die produk is klaar en dit werk, maar toon geen nuwe verbeterings nie en min innovering. | Die produk is klaar, werk goed en toon 'n paar nuwe verbeterings en innovering. | Die produk is voltooid, werk baie goed en toon baie nuwe verbeterings en 'n baie hoë vlak van innovering. | 5 | |
| Tydsbestuur | Geen poging is aangewend nie en geen bewyse gevind om te assesseer nie. | Baie min bewyse van tydsbestuur. | Toon 'n beperkte gevoel van tydsbestuur, maar beplanning is onrealisties. | Bewyse van realistiese tydsbestuur in beplanning, maar hou nie by die beplanning nie. | Bestuur tyd goed volgens die oorspronklike plan. | Bestuur tyd uitstekend deur alternatiewe in ag te neem volgens die oorspronklike plan. | 5 | |
| TOTALE PUNT | | | | | | | 25 | |

5.4 Verklaring van Egtheid

BYLAE D

VERKLARING VAN EGTHEID

Die ONTWERPPORTEFEULJE is volgens een van die volgende metodes aangebied: bronboek, werkboek of lêer. Dit is deel van die vakportefeuilje. Die ONTWERPPORTEFEULJE moet voor die aanvang van vervaardigingsproses voltooi word.

Die volgende is by die ONTWERPPORTEFEULJE ingesluit:

- Ontleding/Analisering van die probleem
- Onderlinge verband tussen tegnologie, die samelewing en die omgewing
- Vermoë om idees te ontwikkel
- Verskaf 'n oplossing
- Sketswerk (afmetings, swissimbole, skale en projeksiesimbole)
- Materiaal, gereedskap en toerusting
- Algemene veiligheidsmaatreëls
- Kosteberekening en materiaallys
- Bewys van vergelykings tussen verskillende prosesse en vaardighede
- Portefeuilje-aanbieding

Die hele PAT is onder toesig van die aangewese onderwyser en sonder die hulp van iemand anders gedoen. Hiermee word gesertifiseer dat al die werk wat aangebied word, die oorspronklike en eie werk van die leerder is. Prosesse wat nie deur die leerder uitgevoer is nie, is nie as deel van die leerder se werk geassesseer nie.

| | |
|------------|--------------|
| Leerder | |
| Skool | |
| Distrik | |
| | Handtekening |
| Leerder | |
| Onderwyser | |
| Skoolhoof | |

Skoolstempel

5.5 Eksterne/Interne modereringsinstrument vir PAT

BYLAE E

LANDBOUTEGNOLOGIE

SKOOL: _____

EMIS-nr: _____

ONDERWYSER: _____

GRAAD: _____

VAKSPESIALIS: _____

DATUM: _____

GETAL LEERDERS IN GRAAD: _____

GETAL LEERDERS WAT DIE VAK IN GRAAD 10–12 NEEM: _____

| 1. | TOESTAND VAN DIE WERKSWINKEL | GOED <input checked="" type="checkbox"/> | AANVAARBAAR <input checked="" type="checkbox"/> | SWAK <input checked="" type="checkbox"/> | KOMMENTAAR |
|----|---|--|---|--|---|
| | Vensters | | | | |
| | Plafon | | | | |
| | Vloer | | | | |
| | Oliebestande vloerverf | | | | |
| | Mure | | | | |
| | Ligte | | | | |
| | Genoeg elektriese muurproppe | | | | |
| | Elektriese muurproppe in werkende toestand | | | | |
| | Ventilasie | | | | |
| | Diefwering | | | | |
| 2. | ONDERWYSER | | | | JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE <input type="checkbox"/> |
| | Voorbereidingsleer: | | | | |
| | PAT-riglyndokument | | | | |
| | Puntestaat | | | | |
| | Rubriekte vir leerders | | | | |
| | Verwysingsmateriaal (bykomende inligting en bronne wat onderwyser aan leerders gee) | | | | |
| | Veiligheid: | | | | |
| | Veiligheidskerms/-toestelle | | | | |
| | Veiligheid van asetileen-/gassilinders | | | | |
| | Sweisareas goed afgeskerm | | | | |
| | Area om gevaarlike masjiene met geel lyne op die vloer afgebaken | | | | |
| | Brandblusser wat gediens is | | | | |
| | Noodhulpkassie | | | | |
| | Veiligheidsplakkate | | | | |
| | Veiligheidstekens | | | | |
| | Toepaslike BGV-Wette ('OHS Acts') in die werkwinkel geïmplementeer | | | | |
| | Getal leerders per sessie in die werkwinkel nie meer as 15 nie, soos deur die BGV-Wet voorgeskryf | | | | |
| | Gereedskap en toerusting: | | | | |
| | Volledig toegeruste werkwinkel | | | | |
| | Basiese gereedskap en toerusting | | | | |
| | Beskadigde en gebreekte toerusting | | | | |
| | Skaduborde is teen die mure of mobiele eenhede | | | | |

| | | |
|-----------|---|---|
| | Werkswinkelatmosfeer: | |
| ↳ | Plakkate | |
| ↳ | Uitstallings | |
| ↳ | Veilige uitleg | |
| ↳ | Werkswinkel is doelgebou | |
| | Netheid van stoorkamer: | |
| ↳ | Stoorkamer goed georganiseer | |
| ↳ | Stoorkamer skoon | |
| | Netheid van werkswinkel: | |
| ↳ | Werkswinkel skoon | |
| 3. | LEERDERS SE PAT-PROJEKLEERS | JAN<input checked="" type="checkbox"/> NEE<input type="checkbox"/> |
| | Leerders het die voorgeskrewe PAT gevolg. | |
| | Indien nie, is die PAT-projek van dieselfde of 'n hoër standaard as die voorgeskrewe PAT? | |
| | Al die leerders het PAT-portefeuiljelêers. | |
| | Al die leerders het 'n voltooide leerderpunt-opsommingstaat. | |
| | Al die leerders het die Verklaring van Egttheid (bl. 19) onderteken. | |
| | Al die leerders het afskrifte van die Ontwerpprojek (bl. 9 tot 14) in hul PAT-lêers. | |
| | Leerders het die volgende fases van die PAT bevredigend voltooi: | |
| • | Ontwerp | |
| • | Vervaardiging | |
| | Daar is bewyse dat al die take deur die onderwyser geassesseer is. | |
| | Al die rubriek is voltooi en die totale is korrek na die puntestaat oorgedra. | |
| | Die assessorering wat die onderwyser gedoen het, kom regverdig en betroubaar voor. | |
| | Die puntetoekenning en die prestasievlek kom ooreen met die res van die provinsie. | |
| | 'n Aanpassing van die gemiddeld moet gemaak word. | |
| 4. | ALGEHELE GEHALTE VAN DIE PROJEK | JAN<input checked="" type="checkbox"/> NEE<input type="checkbox"/> |
| | Al die leerders het die projek voltooi. | |
| | Al die leerders se werk is intern gemodereer. | |
| | Die finale projekte kom ooreen met die ontwerpe in die portefeuilje. | |
| | Die punte wat deur die onderwyser met gebruik van die rubriek gegee is, kom ooreen met die beskikbare bewyse in die leerderportefuljes. | |
| 5. | INTERNE/EKSTERNE MODERERING | JAN<input checked="" type="checkbox"/> NEE<input type="checkbox"/> |
| | Daar is bewyse van interne moderering deur die departementshoof. | |
| | Daar is bewyse van interne moderering deur die vakspesialis. | |
| 6. | INTERNE/EKSTERNE MODERERING | JAN<input checked="" type="checkbox"/> NEE<input type="checkbox"/> |
| | Daar is bewyse van interne monitering deur die departementshoof. | |
| | Daar is bewyse van interne monitering deur die adjunkhoof. | |
| | Daar is bewyse van interne monitering deur die vakspesialis. | |
| 7. | Bykomende inligting. Heg getikte lyste met die volgende inligting aan: | |
| | Voeg lys by van toerusting wat in die Landboutegnologie-werkswinkel benodig word. | |
| | Voeg lys by van toerusting wat in die Landboutegnologie-werkswinkel oortollig is. | |
| | Voeg lys by van toerusting wat nie meer herstel kan word nie en wat in die Landboutegnologie-werkswinkel afgeskryf moet word. | |

Samevattende opmerkings:

| | | | |
|------------------------------|-------|-----------------------------------|-------|
| Handtekening: Onderwyser | Datum | Handtekening: Departementshoof | Datum |
| Handtekening: Vakadviseur | Datum | Handtekening: Skoolhoof | Datum |

Skoolstempel

5.6 Nasienskedule**BYLAE F****LANDBOUTEGNOLOGIE-PAT**

SKOOL: _____

SENTRUMNR.: _____

EMIS-NOMMER: _____

STREEK: _____

DISTRIK: _____

JAAR: _____

| NR. | LEERDER | ONTWERPPORTEFEULJE | | | | | | | | VERVAARDIGINGSPROSES | | | | GEHALTE VAN DIE FINALE PRODUK | | | | | | | | | |
|-----|---------|-------------------------|-------------------------------|--|-------------------------|-----------|------------------|-------------------------------------|---------------------|---------------------------------|--------------|--------------------------|------------------------|--|--|----------------------|-----------------|---|--------------------------|--|--------------------|-----------------------|---------------------------------------|
| | | Beplanningsvaardighede: | Ontleding/Analise en diagnose | Onderlinge verband tussen tegnologie, samelewning en omgewing. | Ontwikkeling van idees. | Oplossing | Tekeninge/Sketse | Materiaal, gereedskap en toerusting | Algemene veiligheid | Kosteberekening en materiaallys | Vergelykings | Aanbied van portefeuille | TOTAAL: 25 (50/2 = 25) | Veilige hantering van gereedskap en toerusting (sigmoderering) | Vaardighede betrokke by die hantering van gereedskap en toerusting (sigmoderering) | Kennis van materiale | Proses tegnieke | Vaardighede gebruik in die prosesse (sigmoderering) | TOTAAL: 50 (25 x 2 = 50) | Ondersoek/Bekyk die probleem/benoeftie | Afmetings en mates | Voorkoms en afwerking | Funksionaliteit van die finale produk |
| 1. | | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 25 | 5 | 5 | 5 | 50 | 5 | 5 | 5 | 5 | 25 | |
| 2. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | Totaal: | | | | | | | | Totaal: | | | | Totaal: | | | | Totaal: | | | | | |
| | | Gemiddeld : | | | | | | | | Gemiddeld : | | | | Gemiddeld : | | | | Gemiddeld : | | | | | |

ONDERWYSER: _____

HANDTEKENING VAN ONDERWYSER: _____

DATUM: _____

SKOOLHOOF: _____

HANDTEKENING VAN SKOOLHOOF: _____

DATUM: _____

MODERATOR: _____

HANDTEKENING VAN MODERATOR: _____

DATUM: _____

5.7 Konsolidasievorm

BYLAE G

LANDBOUTEGNOLOGIE

SKOOL: _____

SENTRUMNOMMER: _____

EMIS-NOMMER: _____

STREEK: _____ DISTRIK: _____ JAAR: _____

| KANDIDATE | KANDIDAAT-SE EKSAMENNOMMER | Ontwerpportefeuile | Vervaardiging van die produk | Gehalte van die finale produk | TOTAAL | Gemodereerde punt |
|-----------|----------------------------|--------------------|------------------------------|-------------------------------|--------|-------------------|
| | | 25 | 50 | 25 | 100 | 100 |
| 1. | | | | | | |
| 2. | | | | | | |
| | Totaal: | | | | | |
| | Gemiddeld: | | | | | |

ONDERWYSER: _____

HANDTEKENING VAN ONDERWYSER: _____

DATUM: _____

SKOOLHOOF: _____

HANDTEKENING VAN SKOOLHOOF: _____

DATUM: _____

MODERATOR: _____

HANDTEKENING VAN MODERATOR: _____

DATUM: _____